



Syngenta se EEN-KAN onkruidbeheer oplossings – die slim keuse

Mielieprodusente het nie tyd om te sukkel met verskeie losstaande produkte en hul onderskeie dosisse om tenkmengsels vir onkruidbeheer op te maak nie. Syngenta het jare lange ondervinding en reputasie vir doelgemaakte een-kan oplossings, wat die dinkwerk uithaal en die doenwerk makliker maak.

Samestelling van formulasies maak al die verskil

Omgewingsinvloede, soos té veel of té min reën té veel of té min sonlig, ekstreme temperature, of mengbaarheid met ander produkte kan alles 'n impak hê op die effektiwiteit van die aktiewe bestanddeel. Afgesien van die fisiese eienskappe van 'n aktiewe bestanddeel, moet die hulpmiddels van 'n goeie formulasie in harmonie met die aktiewe bestanddeel saamwerk om optimale werking te verseker.

Syngenta verstaan hoe belangrik goeie onkruidbeheer vir die produsent is, en bestee jaarliks baie tyd en geld aan die ontwikkeling van formuleringstegnologie. Die uiteinde hiervan is pasmaak oplossings

aan produsente wat onverbeterlike en konsekwente resultate lewer.

Syngenta se kennis en ervaring met formulasies stel hul in staat om die volle potensiaal van **mesotrioon** te ontsluit. Na jare op die mark en baie navorsing verstaan Syngenta formulasie-chemici presies hoe die aktiewe bestanddeel mesotrioon op sy beste geformuleer moet word sodat dit optimaal presteer. Hierdie kundigheid en ervaring het Syngenta in staat gestel om innoverende formulasies, waar mesotrioon met sleutel aktiewe bestanddele gekombineer word, te ontwikkel. Die resultaat is Syngenta se “Beproefde CALLISTO® Tegnologie” familie.



Wat is Beproefde CALLISTO® Tegnologie?

In 1977 het 'n wetenskaplike opgemerk dat daar geen plante onder sy Lemoenperdestert (*Crimson Bottlebrush*) struik gegroei het nie. Met nadere ondersoek het hy ontdek dat die plant, *Callistemon citrinus*, 'n natuurlike verbinding met onkruidtodende aktiwiteit afskei. Hierdie bevinding het tot jare se navorsing gelei en uiteindelik uitloop op die ontdekking van die aktiewe bestanddeel mesotrioon, wat eerste deur Syngenta bestudeer is en in 2001 kommersieel as CALLISTO® bemark is. CALLISTO® was vinnig deur produsente wêreldwyd in hul spuitprogramme ingesluit weens sy doeltreffendheid teen onkruid. Vandag leef die sukses voort met Beproefde CALLISTO® Tegnologie.



Hierdie familie van doelgemaakte mesotrioon-bevattende formulasies is ontwikkel om 'n wye spektrum van aangepaste onkruidbeheer oplossings, sowel as gerieflike hantering in alle omstandighede te lewer.

Syngenta bied die volgende EEN-KAN oplossings:

Camix®

CAMIX® is 'n voorafgemengde formulasie van Beproefde CALLISTO® Tegnologie en DUAL GOLD®. CAMIX® is spesiaal ontwikkel om uitstaande breëspektrum beheer te gee, veral vir situasies waar gebruik van triasien onkruidtoders beperk is of nie verkies word nie. Met hierdie een-kan oplossing kry die produsent uitstaande voor-opkoms beheer van beide grasse en breëblaar onkruid sonder die moeite van tenkmengsels. CAMIX® bevat ook die beveiliging benoksakor vir die gemoedsrus van gewasveiligheid onder ongunstige omgewingstoestande.

Toediening	<ul style="list-style-type: none"> Vooropkoms onkruiddoder Kan toegedien word deur middel van trekkerbespuitings, lugtoediening en spilpunt Mengbaar met Syngenta se triasien produkte (indien triasiene verkies of benodig word) Toedieningshoeveelhede word bepaal deur onkruidspektrum en is nie van die hoeveelheid klei in die grond afhanklik nie
Metode van werking	<ul style="list-style-type: none"> Dubbel aktiewe bestanddeel formulasie wat deur wortels, stingels en blare opgeneem word, asook opname deur lote van ontkiemende grasse
Onkruidspektrum	<ul style="list-style-type: none"> Breë-spektrum beheer van die belangrikste grasse en breëblaar onkruid vooropkoms in mielies
Wisselbou	<ul style="list-style-type: none"> Geskik vir wisselbou en meeste opvolg gewasse na mielies kan na die gebruik van CAMIX® geplant word
3 redes hoekom CAMIX®	<ol style="list-style-type: none"> Verenigbaar met wye reeks produkte Gemak van afmeting en besluitneming Aanpasbaar vir wisselbou

Camix® Plus

CAMIX® PLUS is - soos CAMIX® - 'n voorafgemengde formulasie van Beproefde CALLISTO® Tegnologie en DUAL GOLD®, maar bevat ook atrasien wat diep ontkiemende onkruid in hul spore stuit. CAMIX PLUS® het drie metodes van werking wat 'n verdere stukrag in onkruidweerstandsbestuur leen. Die beveiliging benoksakor maak deel uit van die formulasie wat gemoedsrus gee onder ongunstige omgewingstoestande.

Toediening	<ul style="list-style-type: none"> Vooropkoms onkruiddoder Kan toegedien word deur middel van trekkerbespuitings, lugtoediening en spilpunt Dosis is afhanklik van die onkruidspektrum en nie grondtipe nie
Metode van werking	<ul style="list-style-type: none"> Drie aktiewe bestanddeel formulasie wat deur wortels, stingels en blare opgeneem word, asook opname deur lote van ontkiemende grasse
Onkruidspektrum	<ul style="list-style-type: none"> Breë-spektrum beheer van die belangrikste grasse en breëblaar onkruid vooropkoms in mielies
Wisselbou	<ul style="list-style-type: none"> Geskik vir wisselbou Wagperiode van opvolggewasse hang af van die totale hoeveelheid atrasien wat toegedien is
3 redes hoekom CAMIX® PLUS	<ol style="list-style-type: none"> Alles-in-een produk wat beide grasse en breëblaar onkruid beheer – insluitend diep-ontkiemende onkruid Gemak van afmeting en besluitneming Aanpasbaar vir wisselbou

Syngenta handelsmerke wat aan die Beproefde CALLISTO® Tegnologie familie behoort demonstreer uitstaande en konsekwente resultate.





LUMAX® is 'n splinternuwe toevoeging tot Syngenta se voorafgemengde onkruidodder reeks op mielies. LUMAX® is ontwikkel om die effektiëste breëspektrum onkruidodder beskikbaar te wees en word vroeg na-opkoms aanbeveel. Bo en behalwe beheer van breëblaar onkruid, verskaf LUMAX® uitstekende beheer van moeilike grasonkruid - alles in een kan. Dit gee jou die gemoedsrus van een dosis van drie verskillende aktiewe bestanddele, terwyl die uitstekende formulering die produsent in staat stel om dit in 'n tenkmengsel met glifosaat te meng vir die beheer van winteronkruid – 'n ekstra na-opkomsbespuiting met glifosaat is dus nou oorbodig met LUMAX®. Onthou om die etiket van die betrokke glifosaat te raadpleeg.

Toediening	<ul style="list-style-type: none"> • Vroeg na-opkoms • Kan toegedien word deur middel van trekbespuitings, lugtoediening en spilpunt • Dosis is afhanklik van die onkruidspektrum en nie grondtipe nie
Metode van werking	<ul style="list-style-type: none"> • Drie aktiewe bestanddele formulering wat deur wortels, stingels en blare opgeneem word, asook opname deur lote van ontkiemende grasse
Onkruidspektrum	<ul style="list-style-type: none"> • Breëspektrum beheer • Uitstekende beheer van grasse • Verskaf residuele beheer wat winteronkruid insluit (in kombinasie met glifosaat)
Wisselbou	<ul style="list-style-type: none"> • Geskik vir wisselbou • Wagperiode van opvolggewasse hang af van die totale hoeveelheid triasien wat toegedien is
3 redes hoekom LUMAX®	<ol style="list-style-type: none"> 1. Een oplossing met drie aktiewe bestanddele en metodes van werking 2. Onverbeterlike gras-onkruidbeheer 3. Mengbaar met glifosaat wat 'n ekstra bespuiting uitskakel



HALEX™ GT is 'n na-opkoms onkruidodder wat spesiaal ontwikkel is vir gebruik in glifosaat tolerante mielies. HALEX™ GT bied die gemak van glifosaat maar met die voordeel van nawerking oor 'n breë spektrum van onkruid insluitend grasse en breëblare. Dit bied residuele werking wat toediening soveel makliker maak en die toedieningsventster vir onkruidbeheer vergroot.

Toediening	<ul style="list-style-type: none"> • Na-opkoms in slegs glifosaat tolerante mielies • Toediening moet voor die 6-blaar stadium van onkruid geskied • Word nie deur grondtipe beïnvloed nie • Kan tot en met die V8 stadium van mielies gebruik word
Metode van werking	<ul style="list-style-type: none"> • Drie aktiewe bestanddele formulering wat onkruid beheer deur kontak en residuele nawerking
Onkruidspektrum	<ul style="list-style-type: none"> • Breëspektrum beheer insluitend grasse en breëblare • Beter beheer van onkruid soos Wandelende Jood en Purperwinde wat tradisioneel suboptimaal deur glifosaat beheer word
Wisselbou	<ul style="list-style-type: none"> • Geskik vir wisselbou
3 redes hoekom HALEX™ GT	<ol style="list-style-type: none"> 1. Beheer beide onkruid wat reeds opgekom het asook nawerking op onkruid wat nog nie opgekom het nie 2. Vergemaklik glifosaat verdraagsame mielieproduksie 3. Beheer onkruid wat tradisioneel moeilik met glifosaat beheer word

Wat maak Syngenta se EEN-KAN oplossings die slim keuse?

1. Die vooraf vermengde formulering vereenvoudig afmetings vir arbeiders en skakel foute tydens afmeting uit, aangesien slegs een dosis nodig is
2. Besluitneming op dosis word vergemaklik aangesien dit van die onkruidspektrum afhang en nie grondtipe nie
3. Die vooraf vermengde formulering bevat elkeen twee of meer aktiewe bestanddele wat die produsent ten minste twee metodes van werking bied en die risiko van onkruidweerstand verminder
4. Goeie onkruidbeheer en nawerking van sekere produkte verskaf meer buigsaamheid in terme van die toedieningsventster vir die produsent
5. Sorgvuldige geformuleerde aktiewe bestanddele verhoog die sinergistiese werking van aktiewe bestanddele vir meer effektiewe onkruidbeheer

LEES DIE ETIKET VIR VOLLE BESONDERHEDE

CALLISTO® bevat mesotrioon (Wet nr. 36 van 1947, Reg. nr. L6795). **VERSIGTIG**, CAMIX® bevat mesotrioon en S-metolachlor (Wet nr. 36 van 1947, Reg. nr. L8089). **VERSIGTIG** CAMIX® PLUS bevat mesotrioon, S-metolachlor en atrisien (Wet nr. 36 van 1947, Reg. nr. L8327). **VERSIGTIG**, DUAL GOLD® bevat S-metolachlor (Wet nr. 36 van 1947, Reg. nr. L5749). **SKADELIK**, LUMAX® bevat mesotrioon, S-metolachlor en terbutilasien (Wet nr. 36 van 1947, Reg. nr. L7483). **SKADELIK**, HALEX™ GT bevat mesotrioon, S-metolachlor en glifosaat (Wet nr. 36 van 1947, Reg. nr. L8415). **VERSIGTIG** CALLISTO®, CAMIX®, CAMIX® PLUS, LUMAX®, HALEX™ GT en PROVEN CALLISTO® TECHNOLOGY™ is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groep Maatskappy.

Syngenta Suid-Afrika (Edms) Beperk, Privaatsak 60, Halfway House, 1685. Tel: (011) 541 4000. www.syngenta.co.za
© Syngenta Ag, 2000. Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemaagte vermeerdering word verbied.

@SyngentaSA